



JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS 2010
GRAAD 6 TAALLEER: AFRIKAANS
VOORBEELD VRAESTEL

Instruksies:

1. Lees alle instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord alle vrae in die spasies soos voorsien.

MARK WILSON SE GEHEIM

Primêre Skool Springvale se Graad 6 leerders was opgewonde want hulle gaan 'n nuwe onderwyseres kry. Juffrou Martin was geduldig en vriendelik en die kinders het baie van haar gehou.

Op 'n dag, nadat sy die klasregister afgemerkt het, merk Juffrou Martin op dat Mark Wilson dikwels afwesig was. Die klas het haar ingelig dat Mark baie goed met sy skoolwerk is nie.+ Dieselfde middag het sommige leerders gesien dat Juffrou Martin, Mark se huis besoek. Die leerders het gedink dat Mark in groot moeilikheid was, maar Juffrou Martin het met 'n glimlag uit sy huis uitgestap. Sy het sy huis daagliks vir 'n maand lank besoek.

Een koue dag in Junie, het Mark met 'n groot glimlag by die skool aangekom. Juffrou Martin het die klas gegroet en 'n storie begin lees. 'Mag ek asseblief lees, Juffrou?'+het Mark met selfvertroue gevra. Mark se geheim was nou bekend. Hy het uiteindelik geleer om te lees.

LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

1. Omkring die letter wat die regte antwoord aandui. (1)

Die leerders het van juffrou Martin gehou, omdat sy

- A. die klas gegroet en 'n storie gelees het.
- B. opgemerk het dat Mark afwesig was.
- C. geduldig en vriendelik was.
- D. Mark se huis besoek het.

2. Omkring die letter wat die regte antwoord aandui. (1)

Wat word bedoel met die sin dat Mark“nie goed met sy skoolwerk is nie”?

- A. Hy neem lank om sy skoolwerk klaar te maak.
- B. Hy sukkel met sy skoolwerk.
- C. Hy doen nie sy skoolwerk.
- D. Hy is baie afwesig.

LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

3. Skryf die volgende sinne oor in die:

3.1 **teenwoordige tyd** (1)

Mark het nie skool toe gegaan nie.

3.2 **toekomende tyd** (1)

Die kinders speel voetbal.

3.3 **verlede tyd** (1)

Die sekretaresse lui die skoolklok.

LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

- 4 Hierdie resep word gebruik om 'n koek te bak. Sorteër die bestanddele volgens nat en droë bestanddele. Skryf jou antwoorde in die tabel hieronder . (4)

Resep om 'n koek te bak

- Klits die suiker en magarien (botter) saam.
- Voeg eiers by die mengsel en meng.
- Voeg meel, bakpoeier en sout by.
- Meng goed, terwyl melk stadig bygevoeg word.
- Gooi die mengsel oor in 'n pan en bak in 'n warm oond vir 45 minute.

Nat bestanddele	Droë bestanddele

LEERUITKOMS 4: SKRYF

- 5 Lees die volgende storie en skryf ten minste vier (4) sinne neer om die storie te voltooi. (4)

Petra was baie gelukkig. Sy het 'n splinternuwe R50 noot ontvang van haar ouma as 'n verjaarsdaggeskenk. Daar is so baie wat Petra graag wil koop . nie net vir haarself nie, maar ook vir haar gesin. Sy wil nuwe linte en haarknippies vir haar susters koop. Haar broer soek 'n tydskrif oor musiek. Haar ouers hou weer van 'n spesifieke soort sjokolade. Sy kon kwalik wag totdat sy by die winkels kom. Petra het in die winkel ingestap en haar hand in haar sak gesteeek. Wat 'n skok! Die R50 noot was weg! Syō

Einde van voorbeeldvraestel.
Dankie.